




Wesensverdiensle styg met 42%

Wesensverdiensle per aandeel
 Finale dividend per aandeel
 Opbrengs op ekwiteit
 Kliënte
 Aandeelhoudersfondse

366 sent
 110 sent
 27%
 1.8 miljoen
 R1.4 miljard

		09	08	Verandering % 09/08	07
WINSGEWENDHEID					
Inkomste uit bankaktiwiteite	Rm	1 983	1 315	51	1 010
Netto slegteskuld-onkoste	Rm	(468)	(231)	103	(161)
Bankverwante bedryfsuitgawes	Rm	(1 065)	(763)	40	(607)
Nie-bankverwante bedrywigehede	Rm	6	3	100	1
Belasting	Rm	(137)	(95)	44	(76)
Voorkeurdividend	Rm	(19)	(17)	12	(8)
Verdiensle toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders					
• Basiese	Rm	300	212	42	159
• Wesens-	Rm	302	212	42	160
Koste-tot-inkomste-verhouding					
• bankaktiwiteite	%	54	58	60	
Opbrengs op gewone aandeelhouersekweite	%	27	22	26	
Verdiensle per aandeel					
• Toeskryfbare	sent	364	259	40	221
• Wesens-	sent	366	259	41	222
• Verwaterde toeskryfbare	sent	357	250	43	209
• Verwaterde wesens-	sent	359	251	43	211
Dividende per aandeel					
• Tussentydse	sent	30	25	20	20
• Finale	sent	110	75	47	60
Dividenddekking	x	2.6	2.6		2.8
BATES					
Totale bates	Rm	4 969	2 936	69	2 191
Netto lenings en voorskotte	Rm	2 982	2 019	48	803
Kontant en kontantekwivalente	Rm	1 514	618	145	1 044
Beleggings	Rm	150	14	971	112
Ander bates	Rm	323	285	13	232
LASTE					
Totale laste	Rm	3 563	1 719	107	1 074
Deposito's	Rm	3 317	1 528	117	897
Ander laste	Rm	246	191	29	177
EKWITEIT					
Aandeelhoudersfondse	Rm	1 406	1 217	16	1 117
Kapitaaltoereikendheidsverhouding	%	43	36	79	
Netto batewaarde per gewone aandeel	sent	1 512	1 297	17	1 175
Aandeleprys	sent	3 001	3 900	(23)	3 700
Markkapitalisasie	Rm	2 485	3 195	(22)	3 031
Aantal uitgereike aandeel	'000	82 798	81 928	1	81 928
Aandeleopsies					
• Aantal uitstaande	'000	5 713	5 159	11	6 191
• Gemiddelde uitoeienprys	sent	2 487	1 815	37	1 151
• Gemiddelde termyn tot vervaldag	maande	25	24	4	24
• Tekort met vereffening	Rm	34	48	(29)	22
BEDRYGWIGHEDE					
Takke		363	331	10	280
Werknemers		3 414	2 800	22	2 129
Aktiewe kliënte	'000	1 835	1 371	34	1 010
OTM'e					
• Eie		368	328	12	264
• Vennootskap		571	437	31	143
Kapitaalbesteding	Rm	133	117	14	86
VERKOPE					
Lenings					
Waarde van lenings toegestaan	Rm	6 273	5 162	22	3 449
Aantal lenings toegestaan	'000	3 536	3 155	12	2 924
Gemiddelde leningsbedrag	R	1 774	1 636	8	1 180
Bruto lenings en voorskotte	Rm	3 223	2 192	47	914
Agterstallige lenings	Rm	326	247	32	106
Agterstallige lenings en bruto lenings tot voorskotte	%	10.1	11.2		11.6
Voorsiening vir twyfelagtige skuld	Rm	241	173	39	111
Voorsiening vir twyfelagtige skuld tot bruto lenings en voorskotte	%	7.5	7.9		12.1
Dekkingverhouding op agterstalligheid	%	74	70	105	
Leningsinkomste	Rm	2 054	1 284	60	1 001
Leningsinkomste tot bruto lenings en voorskotte	%	63.7	58.6	109.5	
Bruto slegteskuld-onkoste	Rm	514	266	94	183
Verhalings	Rm	46	35	34	22
Netto slegteskuld-onkoste tot leningsinkomste	%	22.8	18.0	16.1	
Netto slegte skuld tot bruto leningsboek	%	14.5	10.5	17.6	
Netto slegte skuld tot terugbetalings	%	7.2	5.10	4.12	
Deposito's					
Kleinhandel-spaardeposito's	Rm	1 306	842	55	554
Kleinhandel-vastedeposito's	Rm	265	-	-	-
Aantal spaarkliënte	'000	1 129	783	44	583
Netto inkomste uit transaksiefooe	Rm	138	79	75	35



GROEPBALANSSTAAT	09	08
	R'000	R'000
BATES		
Kontant en kontantekwivalente	1 513 989	617 901
Beleggings teen billike waarde	150 044	14 424
Lenings en voorskotte	2 981 685	2 019 200
Voorraad	22 120	17 741
Ander debiteure	20 114	19 347
Eiendom en toerusting	240 134	196 173
Ontasbare bates		
- bankstelsel	27 669	37 619
Uitgestelde inkomstebelastingbates	13 667	13 967
Totale bates	4 969 422	2 936 372
LASTE		
Lenings en deposito's teen gearmorteerde koste	3 298 897	1 475 696
Lenings en deposito's teen billike waarde	17 916	52 425
Handels- en ander krediteure	229 910	143 368
Huidige inkomstebelastinglaste	16 498	47 456
Totale laste	3 563 221	1 718 945
EKWITEIT		
Gewone aandeelkapitaal en -premie	674 369	647 363
Nie-uitkeerbare reserves	(23 873)	-
Behoue inkomste	601 099	415 458
Gewone aandeelhoudersfondse	1 251 595	1 062 821
Nie-aflosbare, nie-kumulatiewe, nie-deelnemende voorkeuraandeel	154 606	154 606
Totale ekwiteit	1 406 201	1 217 427
Totale ekwiteit en laste	4 969 422	2 936 372
GROEIPINKOMSTESTAAT		
	09	08
	R'000	R'000
Rente op lenings toegestaan	1 156 514	709 166
Rente op kontant en kontantekwivalente	56 382	30 897
Rente-uitgawe	(269 621)	(101 449)
Netto rente-inkomste	943 275	638 614
Netto fooi-inkomste	1 035 709	653 400
Leningsfooi-inkomste	897 502	574 584
Transaksiefooi-inkomste	281 548	168 361
Transaksiefooi-uitgawe	(143 341)	(89 545)
Dividendinkomste	1 099	15 392
Netto waardedalingkoste op lenings en voorskotte	(467 727)	(230 879)
Netto beweging in finansiële instrumente teen billike waarde gehou	2 197	7 818
Ander inkomste	280	8
Nie-bankverwante bruto wins	18 218	10 938
Nie-bankverwante verkope	208 915	159 122
Nie-bankverwante koste van verkope	(190 697)	(148 184)
Inkomste uit bedrywigehede	1 533 051	1 095 291
Bankverwante bedryfsuitgawes	(1 063 672)	(762 540)
Nie-bankverwante bedryfsuitgawes	(12 696)	(8 405)
Bedryfswins voor belasting	456 683	324 346
Belastinguitgawe	(137 351)	(95 281)
Netto wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouders	319 332	229 065
REKONSILIASIE VAN TOESKRYFBARE VERDIENSLE EN WESENSVERDIENSLE		
	09	08
	R'000	R'000
Netto wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouders	319 332	229 065
Minus voorkeurdividend	(19 127)	(17 011)
Netto wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders	300 205	212 054
Items nie ingesluit by wesensverdiensle na belasting nie:		
• Verlies met verkoop van vaste bates	1 666	145
Wesensverdiensle	301 871	212 199

Uittreksels uit die opgesomde finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009

1. Eenvoud is die toppunt van sofistikasie

Die bankstelsels van die mees gesofistikeerde finansiële nasies op aarde is steeds in intensiewe sorg, maar Capitec Bank is skaars geraak. Hoe is dit moontlik?

Die antwoord is verrassend eenvoudig: hoewel ons heelwat gesofistikeerde tegnologie gebruik, is die Capitec Bank-model baie ouerwets. Ons leen lank, maar ons uitlening is kort. Ons vermy ingewikkelde produkte. Ons het baie kapitaal. Ons bestuur agterstalligheid met toewyding. Dit is die hoofrede vir ons stabiliteit in onstuimige tye.

In die aandeelmarkte word stabiliteit en sukses dikwels as teenoorgestelde gesteld. Ons is voorbarig genoeg om te dink dat Capitec Bank 'n groeiende sukses is en dat hierdie sukses hand aan hand met stabiliteit gaan. Daar is meer gronde vir ons sukses as net ons stabiliteit. Ons definieer ons mark lyn en konsentreer eksklusief op hierdie mark. Ons bestuursplan ken ons mark goed. Ons het min produkte, maar hulle is die beste wat aan ons kliënte beskikbaar is en word teen die laagste pryse in die mark aangebied.

2. Winste van R302 miljoen

Die verhoging van wins met 42% tot R302 miljoen in die heersende omstandighede is baie bevredigend, selfs al is dit net om die verskil tussen ons bankmodel en tradisionele bankdiens te illustreer.

- Ons het 464 000 nuwe kliënte gedurende die jaar bygekry en het nou 1,8 miljoen aktiewe kliënte, 34% meer as verlede jaar.
- Ons verkope gedurende die jaar – die totale waarde van lenings toegestaan – het met 22% tot R6.3 miljard verhoog. Die aantal lenings toegestaan het met 12% tot 3.5 miljoen gestyg. Die gemiddelde leningsbedrag het tot R1 774 gestyg.
- Verkope van die driejaarlening wat in Oktober 2007 bekendgestel is, het met 128% gegroei. Dit het 'n beduidende bydrae gemaak tot ons boekegroei van 48% tot R3.0 miljard.
- Netto transaksie-inkomste het met 75% toegeneem en verteenwoordig 9% van ons inkomste, die oorbyblywende 91% kom uit lenings.
- Ons konsentreer eksklusief op persoonlike bankdiens. Ons het geen sakekliënte nie en doen geen tesourieverhandeling nie.
- Bedryfsuitgawes het met 40% gegroei. Ons het 32 nuwe takke geopen en beplan om nog 40 gedurende die volgende twaalf maande oop te maak.
- Ons het 3 414 werknemers in diens (22% meer as in 2008) en ons het 368 OTM'e.
- Die koste-inkomste-verhouding vir die jaar was 54%, vergeleke met 58% in 2008.
- Ons bly uitermate kostebewus. By Capitec Bank vlieg niemand besighheidsklas nie.
- Ingesluit by wesensverdiensle is 'n aanpassing van R11.3 miljoen wat die huidige waarde van toekomstige verhalings verteenwoordig (sien agterstalligheid en slegte skuld hieronder). Sonder hierdie aanpassing sou die groei in wesensverdiensle 37% gewees het.

3. Agterstallige bedrae en slegte skuld

Capitec Bank het die kredietkriteria vir kliënte gedurende die jaar aangepas in afwagting van die veranderende marktoestande.

Die bruto slegteskuld-onkoste (voor verhalings) vir die jaar het met R248 miljoen vergeleke met verlede jaar gestyg. Die styging het bestaan uit R206 miljoen as gevolg van groei in die leningsboek en R76 miljoen as gevolg van hoër wanbetalingskoerse. Die impak is verlaag deur R18 miljoen ten opsigte van beter datageskiedenis en R16 miljoen danksy die waardasie wat op oorhandigde lenings geplaas is. Alle slegteskuld-onkoste word met behulp van werklike ervaring bereken.

Dit is hoër as wat ons sou wou hê en 'n teken van die groot invloed van resessioneêre tye op ons bedrywigehede. Nóg 'n manier om slegteskuld-prestasie in 'n veranderende besigheid te vergelyk, is om agterstalligheid

as 'n persentasie van bruto toegestane lenings te beskou. Hierdie syfer het van 8.3% verlede jaar tot 9.1% vanjaar verswak.

- Ons slegteskuld-verhouding is baie sensitief vir affleggings en stakings. Op hierdie front is ons voorbereid op verdere slegte nuus.
- Ons skryf alle agterstalligheid na drie maande af. In geval van 'n termynlening word die volle uitstaande saldo na drie maande afgeskryf. Dit is 'n konserwatiewe maar realistiese benadering. Om hierdie rede gebruik ons die terme "slegte skulde" en "agterstalligheid" as bykans dieselfde.
- Ons het ons uitleenkriteria strenger gemaak. Ons bied kortertermynprodukte aan meer riskante kliënte.
- Ons langertermynprodukte is op 'n risikogeweege grondslag winsgewender as die korttermynlenings. Ons maak ook in die eerste maande van die leningstermyn meer voorsiening vir twyfelagtige skuld op termynlenings as in die latere maande. Die slegteskuld-verhouding sal dus vinnig styg wanneer 'n nuwe produk bekendgestel word en die nuwe boek begin groei.
- Een van die redes vir die internasionale kredietkrisis was die valse gerustheid in banke dat hulle die risiko's onderliggend aan hulle produkte ten volle verstaan. By Capitec Bank weet ons dat ons nooit kan ontpaan nie.
- Die groei in die boek het tot 'n beduidende groei in die verhalings van die oorhandigde boek gelei en ons moet dus die toekomstige waarde van verhalings in ag begin neem. Ons het die styging in die huidige waarde van die verwagte kontantvloei van lenings wat afgeskryf is, bepaal en dit het tot 'n toename van R11.3 miljoen na belasting in ons wesensverdiensle gelei.

4. Likiditeit

In 'n jaar van stram marklikiditeit, het die bank sy likiditeitsposisie verbeter en tegelykertyd die bateboek laat groei. Ons likiditeitsfilosofie bly uitsers konserwatief. Ons sal voortgaan om ons likiditeitsposisie konserwatief te bestuur en boekgroei en die neiging tot agterstalligheid teen beskikbare befondsing op te weeg. Op jaareinde was ons in staat om al ons spaardeposito's onmiddellik terug te betaal en gemiddeld deur die jaar, binne twee weke. Die internasionale siening is dat kleinhandel-spaardeposito's tydens 'n krisis nie gereedlik omtrent sal word nie.

- Ons het in November 2008 'n innoverende vastetermynspaarplan (6 maande tot 24 maande) bekendgestel en so deposito's van R265 miljoen in vier maande verkry. Dit is 'n ideale bron van befondsing danksy die verspreide basis, deurlopende vervaldatums en die feit dat ons die opname van die produk kan bestuur.
- Ons het daarin geslaag om ons kontraktoele groothandeleposito's met altesaam R1.1 miljard deur die jaar te verhoog. 'n Binnelandse mediumtermyn-effekte-program met 'n uitkeermyn van drie jaar is in Mei 2008 bekendgestel en het R490 miljoen geïen.

Waarom is Capitec Bank so omsigtig? Ons het ons banklisensie in 2001 verkry. Op daardie tyd het 'n kleinbank-krisis in 'n landjie aan die suidpunt van Afrika ontstaan. Byna niemand het dit nie, maar ons wel. Ons het gesien hoe klein banke oornag ondergegaan het toe markte vertroue verloor het en die banke in 'n likiditeitslagyster gevang is. Selfs voor daardie tyd, in 1997, het ons gesien hoe 'n finansiële krisis in Asië banke in Afrika kon laat steur. Toe ons die bank begin het, het ons besluit dat Capitec Bank nooit in 'n posisie sou plaas waar 'n swak dag in die markte 'n bank wat oor 'n leeftyd opgebou is, sal vernietig nie.

5. Kapitaal

Die hoeveelheid kapitaal wat 'n bank het, is die maatstaf van sy vermoë om skokke te weerstaan. Banke het 'n hoër hefboomverhouding. Die bank se eie kapitaal absorbeer enige onverwagte verliese.

Op jaareinde het Capitec R1.4 miljard ekwiteit en R3.5 miljard in bates, kontant uitgesluit, gehad. Ons risikogeweege kapitaaltoereikendheidsverhouding was op jaareinde 43%. Ons het baie kapitaal en dit gee ons deposante gemoedsrus.

Sekuriteit soos hierdie is nie goedkoop nie. Ons opbrengs op kapitaal kan verdubbel word deur ons kapitaal te halveer. Dit is nie iets om onder die huidige omstandighede te oorweeg nie, maar aandeelhouders moet besef dat beter banksekuriteit, soos alle goeie dinge in die lewe, 'n prys het.

Die opbrengs op gewone aandeelhouersekweite vir 2009 was 27%, vergeleke met 22% verlede jaar.

6. Bestuursvergoeding

In die populêre pers is bankiers se bonusse as een van die skuldiges in die internasionale bankkrisis uitgewys. Ons stem saam dat die struktuur van bestuursvergoeding belangrik is en dat bonusse om korttermyndeelwitte te bereik gedrag kan verwring. In die verlede het ons beskeie korttermynbonusse gebruik om bestuur te beloon vir die bereiking van bepaalde doelwitte. Sulke bonusse meig om onbepaard te wees, en buitengewone prestasie deur bestuur het veroorsaak dat 'n beskeie skema skielik minder beskeie bonusse gelewer het. Ons fokus nou op 'n aansporingskema wat deur aandeelposies gedryf word en só word volgehoue langtermynwinstgroeie. Dit is ons voorneme om op hierdie wyse voort te gaan: met 'n wesenlike salaris wat die belangrikheid van die uitdagende en die omvang van die prestasies weerspieël, maar geen, of slegs 'n beskeie, korttermynbonus.

7. Kredietgradering

In Mei 2008 het Moody's Investor Services die nasionale skaal korttermynkredietgradering van Capitec Bank Beperk, Capitec se bankfiliaal, tot P-1.za (van P-2.za) opgeskuif. Die bank se nasionale skaal langtermyngradering bly onveranderd op A2.za en het 'n stabiele vooruitsig. Volgens Moody's weerspieël die opgradering Capitec Bank se bewese vermoë die afgelepe paar jaar om sy likiditeit en befondsing versigtig te bestuur.

Die langtermyngradering weerspieël 'n goeie langtermynkredietgehalte en die korttermyngradering 'n voortreflike vermoë om korttermynskuldverpligtings terug te betaal.

Internasionaal is talle banke se graderings gesny en dit is 'n buitengewone pluimpie vir ons stabiliteit dat ons gradering opgeskuif is.

8. Innovasie en groei

Innovasie is die fondament waarop Capitec Bank gebou is. Om hierdie rede waardeer ons die onlangse oorsig wat die batebestuursmaatskappy RE:CM gelewer het. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat daar die afgelepe 15 tot 20 jaar slegs vyf "ware" entrepreneurs op die JSE geneuter is: Aspen, Capitec, Discovery, MTN en City Lodge Hotels. Ons bedank hulle vir hierdie erkenning. Ons streef altyd daarna om werklik ondernemend te wees.

9. Waardering

Reguleerders het 'n ondankebare taak. Ons bedank die registrateur van banke, mnr Errol Kruger, dat hy 'n stabiele omgewing in Suid-Afrika daargestel terwyl stabiliteit elders verdwyn het.

Ons het 'n relatief klein groep toegewyde aandeelhouders en bedank hulle vir hulle lojale ondersteuning gedurende die afgelepe moeilike jaar. PSG Groep is ons hoofaandeelhouer en ons bedank hulle vir leiding en steun in moeilike tye.